



# Fynbos

## Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging  
Nature Conservation Society

No/Nr 182 November 2025

Reg no / nr 005-622 NPO

[www.kleinmondnbv.co.za](http://www.kleinmondnbv.co.za)

[info@kleinmondnbv.co.za](mailto:info@kleinmondnbv.co.za)

# Fynbosfees vind groot byval

– Vic Brink

Die Kleinmond Fynbosfees is van 3 tot 11 Oktober 2025 gehou om die 50ste bestaansjaar van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging te vier, en was dit nie 'n fees nie!

*“Die Gala-opening was 'n fantastiese goed georganiseerde geleentheid! Van die kaas en wyn tot die uitstekende lesing deur Leon. En die hoogtepunt: ons eie fynbos webwerf! Baie dankie!*

*“The Gala Opening. What an awesome event. In terms of food, drinks, entertainment and hospitality. Thank you.*

*“You must be so happy and proud of what you achieved this past week with the amazing Fynbos fees. We so enjoyed our participation in the Fees and plant sales was a great success.”*

Dit is van die kommentaar wat ontvang is van mense wat deelgeneem het.

Die publiek kon inskaker by nege verskillende praatjies deur kenners in die aktiwiteits-lokaal in die biblioteek. Die kwaliteit van die praatjies was uitstaande. Die klem het deurgaans geval op hoe kosbaar en spesiaal die Kogelberg biosfeer is en hoe belangrik dit is om dit te waardeer, te beskerm en te bewaar.

Young and old could join any of 18 different outdoor activities, and participation was enthusiastic.

As daar een ding is wat uitgestaan het, dan is die uitstekende same-

## Kleinmonders in die Biosfeer Biosphere living in Kleinmond



**Carl Swart (ondervoorsitter van KNBV) saam met Leon Kluge by die Gala-opening van die fees. Leon het oor die wonderwêreld van fynbos en hulle bestuiers gesels. Die NG Kerkzaal was volgepakk met 180 mense. Uit die terugvoer was dit duidelik dat almal die aand baie geniet het.**

werking van 'n groot groep mense wat alles laat gebeur het. Dit was harde werk, maar vervullend. 'n Groot dankie aan elkeen van hulle.

We believe that the festival has created a new appreciation for what

it means to live in the heart of the Cape Floristic Kingdom, the Kogelberg Biosphere. May we all look at our surroundings with fresh eyes, and each do our part to take good care of it.

# Bekendstelling van die Kleinmond Fynbos webwerf



TUIS  
SOEK  
IN BLOEM  
BRONNELYS  
KONTAK



Een van die hoogtepunt by die openingsaand was die bekendstelling van Kleinmond se eie fynboswebwerf. Het jy al ooit gewonder na watter spesie jy langs een van ons baie voetslaanroetes kyk? Die kans is goed dat jy dit op die webwerf met sy verskillende soektogte sal vind.

<https://kleinmondfynbos.org.za/>

## Morning talks in Kleinmond library



Thea Brink het in twee lesings gesels oor die lente-bloemme in die kusreservaat en oor parasiete en vleis-vretende plante wat hulle in die fynbos tuisgemaak het.



Tim Atwell, author of *Your place in the Kogelberg*, a publication of the Botanical Society of SA, delivered an inspiring lecture about what it means to live in the Kogelberg Biosphere. He emphasised the impact of humans living in the transition zone of the biosphere.




Leanne Dryburgh is not only an excellent photographer, she is also passionate about the Rooisand wild horses. In her talk she reminded us of the importance to keep these magnificent creatures free-roaming and at a respectful distance from humans. The horses have proved that they survive incredibly well on their own.




Carin Malan se lesing oor die wye verskeidenheid van voëls in die biosfeer – geïllustreer met pragtige foto's – het groot byval gevind. Sy is betrokke by die gereelde tel van die van voëlspesies wat die biosfeer besoek.

Corli Hugo se aanbieding oor die lot van die brilpikkewyne – wat nou al op die rand van uitsterwing is, hoofsaaklik as gevolg van kwynende voedselbronne – het die lig gewerp op die groot verantwoordelikheid wat mense het om anders oor die bewaring van spesies te dink. Sy het in 'n tweede aanbieding die inspirerende verhaal vertel van hoe die Kogelberg Biosfeer se rehabilitasiesentrum tot stand gekom het en hoe besig hulle reeds is met die rehabilitasie van talle diere en voëls.



Magriet Brink's insightful presentation on moths and butterflies in the fynbos made us think twice about the important role they play in the ecology. She is participating in a project of the Lepidopterists' Society of Africa's Caterpillar Rearing Group that conducts research on the life cycles of these species. The presentation was followed by a field excursion during which caterpillars were collected.



Magriet het ook 'n sessie aangebied waarin sy in besonderhede verduidelik het hoe mense hulle waarnemings van spesies op die iNaturalist-platvorm kan plaas en wat die betekenis daarvan vir wetenskap is. Sy het deelnemers aangemoedig om aan die *Great Southern Bioblitz* deel te neem. Dit is opgevolg met 'n oefenstap in die fynbos.

## Uitstappies en aktiwiteite



Voëlkykers het by verskillende geleenthede die kans gekry om hulle verkykers te bring en op 'n voëlkykuitstap te gaan. Op die uitstap na Rooiels is die Kaapse berglyster en heelwat ander spesiale voëlspesies geïdentifiseer.




The youngsters thoroughly enjoyed the outing to the rock pools at Stoney Point. They learned a great deal about the variety of species found below the high-water mark.





Die uitstappie na die kruin van Jean se Kop om die opkoms van die volmaan in te wag, was 'n vrolike affêre.



Magdaleen Brits led an outing to Mimetes Park and explained how this park, through the work of volunteers and with the financial support of the Kleinmond Nature Conservation Society, was transformed within a few years into a haven of indigenous fynbos.



Christa van Schalkwyk het 'n groep kinders na die omgewing by die Kleinmond strandmeer geneem en hulle laat deelneem aan aktiwiteite wat die wonder van vleilande illustreer. Hulle het geleer oor die belangrike rol wat vleilande in 'n gesonde ekologie speel.

People queued in numbers to buy fynbos plants for their gardens during the fynbos sale at the library. The sale was organised by the Botanical Society of South Africa.



Wat kan nou lekkerder wees as 'n skattejag by die Palmietriver se strandmeer? Almal kon deel in die skatte en die kersie op die koek was die stokbroodbraai.



Various guided hikes were arranged: to Kasteelkop via the contour path, and all the way up to the summit of the Three Sisters.

# Kompetisies vir laerskoolkinders



Die wenners van die verskillende kategorieë in die kunspromte vir laerskoolkinders is in die biblioteek uitgestal.



Daar is geskiedenis gemaak met die deelname van kinders aan 'n fotografiekompetisie wat in samewerking met die Kleinmond Fotografieklub aangebied is. Die deelname was bo verwagting. Die pryse vir die wenners is tydens 'n klubbyeenkoms oorhandig. René Wright en Charlize Laing het die kompetisie georganiseer. Hier is hulle saam met Vic Brink wat die pryse oorhandig het.

Die uitstalling van fynbosspesies wat tydens die fees in blom in die veld te sien was, was iets besonder. By elke spesie is nie alleen die botaniese naam nie, maar ook die volksnaam geplaas. Die blomplukkers het spesiale permitte wat hulle toelaat om onder baie streng reëls slegs 'n beperkte aantal eksemplare vir uitstallings te pluk. Sonder 'n permit is dit onwettig om blomme in die veld te pluk.



The exhibition of a collection of the Kleinmond Photography Club members' beautiful images of elements of the Kogelberg Biosphere was a feast for the eye. It was very well received by visitors to the exhibitions in the library.



## Tyd en die mens iets oor Kleinmond Kusreservaat

– Peter H. Müller

**In hierdie artikel in ons reeks oor bewaringsake in en om Kleinmond kyk die skrywer na die veranderinge wat hy sedert die begin van die eeu in die kusreservaat waargeneem het.**

Kort na ons aftrede in 1998 het ek en my vrou Hester 'n geluid van die see se kant af gehoor soos 'n perd wat in die straat afkom. Toe ons kyk, sien ons 'n vaalribbok. Die dier het moontlik uit die berg met die Palmiet-rivier langs tot in die kusreservaat gekom.

Later het ons soms 'n klein grysbokkie of twee en selfs Smith se rooi klipkonyne langs die kuspaadjies gewaar. Dassies was volop in die oostelike deel. Daar was rooibekkie, dwerg-trapsuutjies en koggelmanders.

Destyds was die onbeboude erf oorkant 9de Straat die ene sandduine. Die munisipaliteit het egter die sandduine oos van dié erf en in die kusreservaat verwyder. Die wit sand was deurspek met klein korrels koolstof, die oorblyfsel van brande wat deur die reservaat getrek het. Op die kaal rots- en sandbedekte stuk grond het mettertyd 'n verskeidenheid klein blomplante opgekom.

Inheemse plante het ook wes van Kusweg en Laer Kusweg gedy, plante soos painted ladies (*Gladiolus carneus*), moederkappies (*Pterygodium catholicum*) en ruiktrewwas (*Satyrium coriifolium*). Naby die parkeerarea by die hoofstrand het 'n pragtige Oktoberlelie (*Bonatea speciosa*) jaarliks tussen ander struik geblom.

Maar, soos ons weet, verander die natuur gedurig, weliswaar dikwels aangehelp deur die mens.

Loslopende honde (dikwels aangemoedig deur hul eienaars) het die diere in die reservaat gejag en óf doodgemaak óf laat wegtrek. Katte kom steeds gereeld in die reservaat jag en maak baie van die klein diertjies en voëls van kant.

Toe ek eenkeer aan 'n vrou met 'n handvol painted ladies verduidelik dat sy nie blomme in die reservaat mag pluk nie, was haar antwoord: "Maar daar is so baie!" Sy het die blomme net so uit die bolle getrek sonder om te besef dat water dan in die bolle kom en hulle laat vrot.

Op die plek waar die Oktoberlelie gegroei het, het 'n vrou verneem dat die bosse oorkant haar huis, wat haar uitsig na die see belemmer het, uitheems was. Dit was nie waar nie, maar die munisipaliteit het op haar aandrang die bosse uitgekop, saam met die Oktoberlelie!

# CREW

## custodians of fynbos

– Magriet Brink

**The monitoring of the rare *Erica cunoniensis* in Kogelberg Nature Reserve by a team from Cape Nature and Kogelberg CREW caused great excitement recently. This small *Erica*, described as “ox-blood red”, only occurs in less than 1 km<sup>2</sup> on Buffelstalberg and has a Red List status of Endangered.**

But who or what is Kogelberg CREW?

CREW (Custodians of Rare and Endangered Wildflowers) was founded in 2003 as a collaboration between SANBI and the Botanical Society of South Africa. CREW operates in priority parts of the South African landscape, with head offices in Cape Town, Makhanda and Durban and 38 citizen science groups nationwide. These groups find and monitor plants of conservation concern, identify areas requiring action and make valuable contributions to the field of botanical research.

Through a powerful mix of local knowledge and scientific support the Kogelberg CREW volunteers are working their way through a list of target species that would keep botanist Thomas Stokoe up at night. Some of these plants have not been seen for decades. Others have only a handful of known specimens clinging to life in habitats so degraded that their only chance of survival is seed collection and propagation in botanical gardens.

There is no age restriction to becoming part of CREW. One of the Kogelberg volunteers, Jean-Max van Pul, is only 13 years old. “I joined recently and it’s wonderful to be surrounded by such amazing people, all with the same thought in mind, to conserve our floral heritage. I am so thankful to have been introduced to this organization and will hopefully be a part of it for many years!”

The exhilaration of finding a rare plant can easily be heard in the words of CREW volunteer Jeremy Cronin. “I will never forget that day. I was in a group of three. We were clambering up a steep slope with nearly impenetrable growth, trying to follow two younger team members who were soon out of sight. As I crested the top of the ridge, I realised I had lost contact with my immediate group too. Best to take a breath and wait, I reckoned. I was about to sit down when, oh my gosh, could it really be? Yes, unmistakably, there it was at my feet: a stunning specimen of our target species for the day. It is such a privilege to live here in the Kogelberg, to be an enthusiastic, if entirely amateur CREW member and to share a sense of wonder and



**CREW project manager Ismail Ebrahim, Cape Nature conservation officer Thandeka Mabena and Kogelberg volunteer Colin Lewis on a CREW field trip.**



**The rare and endangered *Erica cunoniensis***

responsibility for this unparalleled floristic region.”

The Kogelberg is known as the heart of the Cape Floristic Region with over 1800 plant species recorded within the Biosphere to date. Of these plants around 150 are endemic to this area, which means that they occur nowhere else on earth, and more than 300 are currently classified as threatened. If we lose them, they're gone forever.

Thankfully, Cape Nature’s Kogelberg Nature Reserve remains relatively safe from direct threats such as urban development. In line with its public mandate, Cape Nature's conservation staff regularly monitor the reserve's vulnerable species, supported by this small band of dedicated CREW volunteers who give their time, experience and stamina. The reward? To be part of a bigger picture, to make every effort to protect our incredible biodiversity. And the ever-elusive promise of finding another target species species that may already be extinct, may be hanging on by a thread, or may be quietly thriving in a secret valley high in the heart of the Kogelberg.



# Die vleigebied tussen die Botrivier en Kleinmondstrand

– Gawie Winterbach

**Die vleimere tussen die Botrivier en Kleinmond vorm 'n belangrike deel van die natuurskoon van ons omgewing.**

Hierdie gebied van ongeveer 1500 ha word gesien as een van die tien belangrikste vleigebiede in Suid-Afrika ten opsigte van sy plant-, vis- en voël-diversiteit.[1] Die verskeidenheid habitatsoorte binne die stelsel en die hoeveelheid water sorg vir 'n unieke estuarium. Die Bot/Kleinmond-mere is 'n verklaarde internasionale vleibewaringsterrein en moet volgens die Nasionale Vleigebied-biodiversiteitsplan beskerm word.

## Die twee strandmere

Die Bot- en Kleinmondvlei word begrens deur die kusgebied van die Botrivier in die ooste en die mond van die Kleinmondvlei in die weste. Die gebied lyk soos 'n plat driehoek wat ongeveer 10 km lank en op sy maksimum 2 km breed is. Die gemiddelde diepte van die vlei is minder as 1,5 m onder die gemiddelde seevlak en is bekend vir hul veranderlikheid. Tussen die twee vleie is daar 'n laagliggende gebied bekend as Rooisand. Die vlei se water word grotendeels aangevul deur die Botrivier wat ontspring in die Houwhoekberge en die Isaks- en Lamloch-riviere.

Die diepte van die vlei word bepaal deur die mondings van die Bot- en Kleinmondvleie en die afloop weens reënval in die nabygeleë berge. Wanneer al twee mondings toe en die invloei hoog is, vloei die water van die Botrivier deur Rooisand na die Kleinmondvlei. Wanneer Rooisand onder water is, lyk die hele gebied soos een groot strandmeer. Water kan heen en weer tussen die Bot- en Kleinmondvlei vloei, afhangende van die reënval.

Hierdie artikel is deel van ons reeks oor bewaringsake in en om Kleinmond vanaf die vorige eeu.

## Biodiversiteit

Die water se soutgehalte word beïnvloed deur seisoenale klimaatstoestande en die in- en uitvloei van vars- en seewater. Dit het weer 'n invloed op die plantspesies in die gebied en 'n groot verskeidenheid oppervlak- en onderwaterplantgewasse verskaf voedsel aan vis- en voëllewe.

Volgens die WNNR [2] is daar 41 visspesies in 24 families in die vleigebied. Van hulle is 71% afhanklik van vleie vir oorlewing, en die gebied speel 'n belangrike rol in die natuurlike aanwas van die seevis in die water om die Suidwes-Kaap.

## ***Fynbos* is die nuusbrief van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging**

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

## ***Fynbos* is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society**

Compiled by the editorial committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede: [info@kleinmondnbv.co.za](mailto:info@kleinmondnbv.co.za)

Voorsitter: Vic Brink  
Redakteur: Thea Brink



Die estuarium is ook bekend vir die groot verskeidenheid watervoëls wat hier voorkom; 86 spesies is al opgeteken. Die meeste voed op ongewerweldere diere en vis en sommige ook op kleiner voëls. Die samestelling van spesies verander jaarliks na gelang van klimaats-toestande en die watervlak van die vleie.

### Die riviermondings

Die kunsmatige oopmaak van die Botvlei-monding is 'n gesprek wat oor etlike dekades strek. Die monding by Kleinmond word toegelaat om op natuurlike wyse oop en toe te gaan.

Volgens 'n verslag oor getymere in die Kaap-Provinsie [3] deur dr Heydorn van die WNNR se Nasionale Navorsingsinstituut vir Oseanologie bestaan daar geen bewys dat die Botvlei se mond ooit op natuurlike wyse oopgegaan het nie. Hy is van mening dat die kunsmatige oopmaak van die mond groot ekologiese skade kan veroorsaak omdat die natuurlike voedselnetwerk sodoende ontwig word.

Belangegroepes, waaronder boere, vissers, inwoners en vakansiegangers, het hulle bedenkinge gehad oor hierdie siening en 'n "Bot Indaba 2009" is gereël om riglyne te bepaal vir die bestuur van die Botriviermondning. Die Botrivier Estuary Forum (BREF) is gestig en verantwoordelik gemaak vir die implementering van die Estuariumbestuursplan.

In 2019 is CapeNature geïdentifiseer as die verantwoordelike bestuursgesag vir hierdie bestuursplan wat vir 5 jaar goedgekeur is deur die Wes-Kaapse Provinsiale Regering.

Die gemiddelde jaarlikse invloei van die Bot/Kleinmond-vleigebied het aansienlik afgeneem as gevolg van wateronttrekking en indringerplante in die opvanggebied. Dit het veroorsaak dat die mondings al minder op natuurlike wyse oopgaan. Indien die Botriviermondning nie kunsmatig oopgemaak word nie, kan dit selfs in 'n

varswatermeer verander. Die ongewerweldere diere (voeding vir waadvoëls) sal dan verminder. Die meeste van die visspesies in die vleie is seevis en nie aangepas vir varswatertoestande nie. Massa-visvrektes het al in die verlede voorgekom wanneer die soutvlakke van die water onder 'n sekere perk gedaal het. Die oopmaak van die Botriviermondning elke twee tot vier jaar kan dus 'n positiewe invloed hê op die water se soutgehalte en toestande skep wat seevis nodig het om in die vleie aan te teel.

### Bestuur van die vleigebiede

Die bestuur van die vleigebied is nie gesetel in 'n enkele gesagsliggaam nie en 'n netwerk van bewaringsinstansies, regeringsdepartemente en gemeenskapsforums is daarby betrokke. CapeNature is verantwoordelik vir die koördinerende en implementering van die Vleilandbestuursplan en die Overstrand Munisipaliteit speel 'n belangrike steunrol met die handhawing van plaaslike regulasies. Die Botrivier Estuary Forum (BREF) is 'n platform vir samewerking tussen CapeNature, Overstrand Munisipaliteit en ander gemeenskapsektore.

### Samevatting

Die Bot/Kleinmond-strandmere is die dinamiese hartklop van die hele vleigebied – dit is vlak maar uitgesprei, geïsoleer en tog verbind, op die oog af eenvoudig maar kompleks in funksionering. Slegs noukeurige monitering, doelgerigte bestuur en gemeenskapsbetrokkenheid sal die voortbestaan van die vleie en hul biodiversiteit verseker.

### Bronne

1. Turpie & Clark, 2007.
2. WNNR, 2011
3. CSIR Rep 417, Verslag nr 18, p. 10.